

HOËRSKOOL HENNENMAN  
**NUUSBRIEF**  
uit die skoolhoof se pen...



Liewe Ouers

Die eerste kwartaal lê op sy rug! Dit was 'n besige kwartaal en ons kan met dankbaarheid terugkyk na al die seëninge wat ons uit die Here se hand ontvang het.

Die vakansie lê voor! Baie sterkte aan al ons eerste spanne wat ter voorbereiding van die liga, gedurende die vakansie gaan toer. Die eerste netbal- en hokkiespanne gaan 'n sportweek van afrigting en wedstryde by Sportweni in Port Shepstone bywoon. Die eerste rugbyspan gaan die 2025 Namgola Cup rugbyweek in Parys bywoon en die o.16-rugbyspan gaan aan 'n rugbytoernooi by Wessel Maree deelneem.

Geniet elke oomblik! Mag julle waardevolle ondervinding met die oog op die liga, opdoen.

Baie dankie aan elke afrigter wat bereid is om hierdie spanne te vergesel. Ons waardeer julle opoffering!

'n Groep van ons leerders gaan ook die #Imagine-kamp te Nampopark, Bothaville vanaf 4 tot 6 April bywoon. Mag dit vir julle 'n geestlik verrykende ervaring wees!

Geniet die vakansie en wees veilig!

**Die skool heropen op Dinsdag, 8 April om 08:00.**

Vriendelike groete

Brenda Hoffman  
SKOOLHOOF

### DANS

Dané Rossouw en Khloé Marshall het tydens die *Odyssey of Dance* virtuele kompetisie, Suid-Afrika verteenwoordig. Hulle behaal die volgende uitslae:

Dané	Musikale Teater	68%
Khloé	Jazz	65%

Hulle behaal ook 77% in die *Black and Gold Senior Jazz* groepdans.

Baie geluk! Ons is baie trots op julle!

### JUDO



Ruan Heins behaal 'n silwer medalje tydens die Bloemfontein Elite Ope-kampioenskappe.

Baie geluk! Ons is trots op jou!

### BOOGSKIET



Malika Reyneke is 'n kranige boogskut.

Sy het tydens die afgelope kwartaal twee silwer en twee goue medaljes in die o.14-meisies/seuns gekombineerde afdeling tydens verskillende AGA-kompetisies verower!

Baie geluk – ons is trots op jou!

**#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM**

-PER LABORUM AD FINEM-



# HOËRSKOOL HENNENMAN

# NUUSBRIEF

*Nit die skoolhoof se pen...*



## LEJWELEPUTSWA ATLETIEK

Dertig van ons leerders het aan die Lejweleputswa sone-atletiekbyeenkoms deelgeneem. Die volgende leerders eindig onder die eerste 4 plekke en word in die Lejweleputswa-span wat aan die Vrystaat Interhoër gaan deelneem, ingesluit:

Rynhardt Bossé S17	Diskus	2de plek
	Hamergooi	2de plek
Janeske Ferreira D17	Diskus	3de plek
	Hamergooi	2de plek
Jana Ross D17	Gewigstoot	3de plek
	Spiesgooi	3de plek
Ruoise Möller D16	Spiesgooi	1ste plak
	Gewigstoot	1ste plek
	Hamergooi	2de plek
Liané Alexander D16	Hamergooi	3de plek
Cheslin Rode S16	110m H	2de plak
Relebohile Dhlangisa D19	5000m	3de plek
	3000m	3de plek
Loriaan Oliver D15	3000m	4de plek
Omphile Dhlangisa D14	3000m	2de plek
Mia Niemann D14	Hamergooi	3de plek

Tydens die Vrystaat Interhoër eindig die volgende leerders onder die top 6 plekke in hulle onderskeie items:

Ruoise Möller D16	Hamergooi	6de plek
Liané Alexander D16	Hamergooi	4de plek
Janeské Ferreira D17	Hamergooi	4de plek
Rynhardt Bossé S17	Hamergooi	5de plek

Baie geluk aan ons atlete! Ons is baie trots op julle!

## KRIEKET – o.15-SPAN

Die o.15-krieketspan het tydens hulle eerste wedstryd van die seisoen Welkom High met 148 lopies gewen.

Dilyn Claassens slaan 75 lopies van 63 balle, Kgosi Menyatso 29 lopies van 30 balle en Thabang Pule 21 lopies van 21 balle.

Boulers wat uitblink is Wian Burger (4-5), Junior Mbombo (2-2) en Louis Erasmus (2-7).

Baie geluk! Baie sterkte met die res van julle seisoen!

## ATLETIEK

Jano Ross het aan die Lejweleputswa-sonebyeenkoms vir laerskole deelgeneem en 'n vierde plek in die S13 200H behaal.

Hy word ingesluit in die Lejweleputswa-span wat aan die Noord-Vrystaat byeenkoms moes deelneem. Die byeenkoms is egter a.g.v. swaar reën gekanselleer en hy word op grond van sy vorige tye in die sesde plek geplaas.

Hy word ingesluit in die Noord-Vrystaatspan en gaan neem aan die Vrystaat byeenkoms vir laerskole deel.

Baie geluk, Jano! Ons is trots op jou!

## STOEI

Dian Coetzee verwerf 'n brons medalje tydens die Ekurhuleni stoeikampioenskappe.

Hy behaal ook twee goue medaljes in die Greco-Roman- en vryslagafdeling vir o.15-seuns tydens die eerste Vrystaat stoeliga.

Baie geluk, Dian! Sterkte met die res van die liga!

**Sien asseblief die opgedateerde kalender op ons Facebook en ons webtuiste.**

## #GROEISAAM-LEERSAAM-STAAANSAAM

-PER LABORUM AD FINEM-



# HOËRSKOOL HENNENMAN

## NUUSBRIEF

*Nit die skoolhoof se pen...*



### BUSPREFEKTE

Baie geluk aan die volgende leerders wat tot busprefekte verkies is:



V.l.n.r.: George Motsoahole (Phomolong), Ora Pule (Virginia), Mikayla Meyer (Virginia), Danika Swartz (Ventersburg) en AJ Pitzer (Ventersburg).

### KUIERFEES

Tydens ons kuierfees het oudleerders heerlik saam met ons rondom die sportveld en 'n smaaklike bord kos, gekuier! Ons netbal-, hokkie- en rugbyspanne het oefenwedstryde teen Heilbron gespeel en die volgende uitslae is behaal:

Netbal	o.14	wen 11 – 4
	o.15	wen 32 – 6
	2des	wen 10 – 6
	1stes	verloor 16 – 17
Hokkie	1stes	wen 1 – 0
Rugby	o.15	wen 22 – 12
	o.16	verloor 24 – 41
	1stes	verloor 20 – 24

Baie dankie aan almal wat ons kuierfees ondersteun het! Dit was 'n voorreg om ons oudleerders by ons skool te ontvang!

### SPANBEKENDSTELLINGSAAND - DIE AMPTELIKE AFSKOP VAN DIE WINTERSPORTSEISOEN DONDERDAG, 10 APRIL 2025 (17:30 vir 18:00)

Kom kuier heerlik saam rondom braaivleisvure na die spanbekendstelling! Bring u eie pienkniekmandjie.  
Braaivleisvure sal voorsien word.  
Kom en wees deel van 'n heerlike aand!

### KOSHUISPREFEKTE



Tiffany Laas en Travis van Wyk is tot koshuisprefekte verkies.

### MA-EN-SEUN BRAAI

Tydens die Ma-en-seun-braai, 'n eerste vir ons, het ma's en seuns heerlik rondom die braaivleisvure gekuier. Die seuns het hulle vernuf as braaiers gewys en hulle ma's ook met 'n oulike geskenkie bederf.

Baie dankie vir die graad 11-registerpersoneel, -ouers en -leerders vir hulle inisiatief met hierdie aand!

### SKOOLFONDS

Ons doen 'n vriendelike, dog dringende beroep op u om u skoolfonds getrou te betaal. Daar is ouers wat tot op hede nie hulle verantwoordelikheid nagekom het nie en dit maak dit vir ons baie moeilik om aan al die behoeftes van ons skool en leerders te voorsien.

**ALLE rekenings tot einde Maart MOET asseblief op 1 April op datum wees.** Alle agterstallige rekenings sal aan ons prokureurs oorhandig word.

Help ons om u kind te help – betaal u skoolfonds! Dankie dat ons op u samewerking kan staatmaak.

## #GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM

- PER LABORUM AD FINEM -





HOËRSKOOL HENNENMAN  
**NUUSBRIEF**  
*Nit die skoolhoof se pen...*



### ONNIES PRESTEER

Sewe van ons personeel word uitgenooi na die Lejweleputswa-distrik se Well-Done Function. Mee. Riana Uys (Fisiese Wetenskappe), Elsabé Oosthuizen (Rekeningkunde), Lana Butler (Toerisme), Zelmari Coetzee (IGO), Esther Myburgh (RTT), Hanlé Visser (Engels) en Brenda Hoffman (leierskap) ontvang toekennings vir prestasies gelewer.

Mnr. Divan Eloff (Afrikaans) en me. Annelie Bester (Wiskundige Geletterdheid) spog ook met 'n vakgemiddeld bo 60% in die eindeksamen.

Die skool ontvang ook 'n goue- en diamanttoekennings vir die matriekuitslae van 2024.



Baie geluk aan ons personeel! Baie dankie vir die toegewydheid, opoffering en harde werk! Ons is baie trots op julle!

### AVONTUURKLUB

Die Avontuurklub het tydens hulle kwartaallikse uitstappie 'n opwindende dag beleef. Hulle het by Golden Gate gaan stap en daarna by Moolmanshoek gaan perdry.

Baie dankie aan me. Madeli Volschenk, Corlia Marais en mnr. Willie Marais wat ons leerders vergesel het.

### MATJHABENG JUNIOR STADSRAAD



Alannah Dexter, Hendrik Myburgh en Tshidiso Dhlamini is tot die junior stadsraad van Matjhabeng verkies. Alannah is ook as die spreker van die huis van verteenwoordigers verkies.

Baie geluk! Mag hierdie 'n ongelooflike ervaring en leerskool wees!

### HOKKIEPROEWE

Ons hokkie neem hierdie jaar vir die eerste keer aan die Plattelandproewe deel. Die volgende leerders word in onderskeie Plattelandspanne ingesluit wat aan die Vrystaatproewe gaan deelneem.

- o.18 Felicia Tlali  
Danika Swartz  
Norman van Staden  
Ethan Compton
- o.16 Liané Alexander  
Ruoise Möller  
Maryke Wolmarans  
Cheslin Rode
- o.14 Malika Reyneke  
Jano Ross  
Timea Venter

Baie geluk! Ons is trots op julle!



Tydens die eerste been van ons Señor Chef verkope het ons leerders 'n totale bedrag van R36 925 se speserye verkoop. Die topverkoper vir hierdie been is Janette Marais en ons topverkoperklas vir been 1 is die graad 8M-klas. Baie geluk!

Baie dankie aan elke leerder wat met hierdie projek moeite gedoen het. Baie dankie ook aan elke persoon wat ons projek ondersteun het – ons waardeer dit!

### VRL 2025 – GRAAD 8

Surei Spruew en Jano Ross is as die graad 8-verteenwoordigers tot die VRL verkies. Baie geluk!

**#GROEISAAM-LEERSAAM-STAANSAAM**

-PER LABORUM AD FINEM-

